BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim 1 – ‘n reddingsbooi tydens en na ‘n traumatiese geboorte

Diamarie Schoeman



Ons was alreeds in 2011 van BabaGim se grootste ondersteuners, te danke aan ander mammas en pappas wat hulle stories met ons gedeel het. Ons het so baie baat gevind by BabaGim 1. Hoe dankbaar was ek as mamma toe ek deur die hele kraamproses, sowel as daardie eerste paar weke, ‘n man gehad het wat saam met my BabaGim 1 bygewoon het. Hy het so mooi alles onthou wat Mamma vergeet het.

Pappa het onthou van die 'Vagus-massering' en het baie gewillig en gereeld ‘n skreeuende koliek babatjie van Mamma se hande afgeneem. Ons het ‘n relatiewe moeilike en traumatiese geboorte gehad en sonder BabaGim 1 en 2 sit ons vandag en wonder hoe anders dit kon gewees het.

Klein Harry is presies op 40 weke natuurlik gebore met die hulp van ‘n suierverlossing (in Engels ‘a vacuum-assisted delivery’). Hy het skouerdistosie beleef gedurende die geboorte en sy koppie was baie seer n.a.v. die suierverlossing.

Wat het dit alles vir ons ingehou? ‘n Oorsensitiewe, skreeuende baba wat gesukkel het om die tepel te neem (te ‘latch’) en wat nie aanraking geniet het nie. Ek as mamma het oorweldig gevoel om die minste te sê, en partymaal gewonder waar daai “stem” vandaan kom. So ‘n groot klank uit so ‘n klein lyfie!

Na 6 weke het ek as ‘n skrikkerige ma met ‘n baie moeilike baba met BabaGim 2 begin, en daar verander BabaGim ons hele lewe. Met die intrapslag skreeu Boetie toe eers erger voor dit beter geraak het. Hy het NIKS van die massering gehou nie. Ons het die eerste paar weke net eenkeer per dag gemasseer en na 2 en ‘n halwe weke het ons toe begin om 2 keer per dag te masseer. Soms het hy vir my duidelik gewys dat hy genoeg gehad het, ander dae kon ons weer die volle massering voltooi. Daar word tot op hede elke dag steeds oortjies gevryf en 'geboortedrukkies' gegee.

Vandag, nodeloos om te sê, is hy ‘n baie goeie eter, en ons glo vas dis omdat hy van kleins af aan alle smake en reuke blootgestel is deur die BabaGim 2 program. Toe Pappa, Ouma en Oupa besluit dis tyd dat klein Harry ‘n suurlemoen hap moes kry, was daar ongelukkig vir hulle geen reaksie nie!

In ons huis word baie beweging: op en af, heen en weer, links en regs - gereeld toegepas met Pappa aan die werk. Vestibulêre funksionering is ‘n groot woord, maar hy is deel van ons gesin se woordeskat!

Harry is vandag al 9 maande oud en hy het elke mylpaal nog sover optyd behaal. Die gehalte van die mylpale is egter wat vir ons saak maak, hy het die korrekte kruip-posisie ingeneem al van net voor 8 maande af, sy kern is so sterk! Dit is wonderlik en so opwindend om elke mylpaal te beleef saam met ons baba, 'n riem onder ma en pa se hart. Ons sien ons kind floreer.

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2019

Ons as gesin sal BabaGim 1 en 2 vir ALMAL aanbeveel wat ons teëkom. Harry het met 'n wille woeste tuimeltreinrit die lewe betree en hy kon heel moontlik verskeie ontwikkelings-agterstande gehad het, maar hy het nie. Sy lyfie is sterk en sy ogies is wakker!

Ons is só opgewonde oor hierdie seuntjie se toekoms. Wat ‘n voorreg om vir hom ‘n voorsprong in die lewe te kan bied en dit deur te speel. Ek wens ek kon alle kinders aan BabaGim blootstel. In ons huis ontwikkel ons elke dag heelbrein mensies.

Dankie dr Melodie de Jager vir jou program en Diamari vir jou tyd en kundigheid. Ons is so bevoorreg om deel te kan wees van ‘n ongelooflike program wat die wêreld soos ons dit ken verander. Dankie ook aan elke mamma wat haar Babagim-kindjie se storie met my gedeel het. Ons is elkeen ewig dankbaar, “we will return the favor to others”!

BabaGim groete,

Die Beylefelds